*Grobler, J H, 1982: Bemeester Geskiedenis st. 10. Perskor, pp. 91, R5,95.*

In hierdie boek het ons nog 'n toevoeging tot 'n reeks publikasies rakende die matriekeksamen. Ook hierdie publikasie het as doel om hierdie nagmerrie hok te slaan. Daarin slaag die skrywer grootliks, maar ongelukkig speel ook hierdie publikasie andersyds in die hande van die onderwyser wat die leerlinge deur matriek dril. Tog kan die jong onervare onderwyser met groot vrug hiervan gebruik maak as die boek met oorleg gebruik word.

Daar is 'n groot verskeidenheid wenke, en vrae gestel. Meestal is dit goeie vrae. Ongelukkig is daar egter 'n paar van die langvrae wat vaag en dubbelsinnig geformuleer is. Die volgende ter illustrasie.

(a) Op bladsy 21 lui 'n vraag as volg: "Verduidelik hoe die Nasionale Party Suid-Afrika vanaf 1948 tot republiekwording in 1961 gelei het". Wat word van die kandidaat verwag — 'n oorsig van die stappe wat tot 'n republiek lei, of 'n oorsig van die Nasionale Party se beleid in die algemeen vanaf 1948 tot 1961?

(b) Op bladsy 25 lui 'n vraag: "Verduidelik hoe die vraagstuk oor die verhouding tussen Suid-Afrika en Brittanje die politieke Geskiedenis van Suid-Afrika sedert 1910 beïnvloed het". Handel dit hier oor die konstitusionele probleem, ekonomiese verhoudinge of self militêre verhoudinge? Volgens die memorandum strek hierdie stryd slegs tot 1939. Kennelik is dít 'n mistasting.

Die kortvrae lyk beter maar is ook nie foutloos nie. So word daar op bladsy 51 o.a. die volgende vraag gestel "Skryf kort verklarende aantekeninge oor Nasionalisme". In sy modelantwoord op bladsy 88 word egter slegs enkele kenmerke van Nasionalisme uitgelig. Kortom die vraag is te wyd gestel.

Die minder goeie vrae wat uitgelig is, is egter ver in die minderheid. Oor die algemeen is die vrae goed. 'n Nuttige publikasie wat egter nooit slaafs nagevolg mag word nie.

*M Trümpelmann*
*(RAU)*

Brill Bros. L 3547